AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG VR1 NOVEMBER 2006

Algemeen:
Ons komplimenteer opvoeders wat hulle kandidate afrig om die vraestel netjies en volgens voorskrifte te beantwoord.
Slordige, onleesbare handskrif benadeel kandidate.
Daar is nog steeds kandidate wat nie elke vraag op ‘n nuwe bladsy begin nie.
Laat ‘n reël oop tussen antwoorde.
Al tel ‘n vraag 24 punte moet dit onder mekaar aangebied word.
Antwoorde moet teen die kantlyn genommer en begin word.

Vraag 1, 2 en 3:

Instruksies moet noukeurig uitgevoer word, want kandidate word streng gepenaliseer bv. een woord of een sin.
Waar/onwaar moet voor die aanhaling geskryf word.
Leerders moet ironie en teenstellings kan herken en omskryf.
Engelse woorde moet vermy word.

Vraag 4:

Daar is ‘n merkbare verbetering in die aanbieding van die opsomming.
Kandidate moet direkte aanhalings vermy, want dit word streng gepenaliseer.
Kandidate moet feite in hulle eie SINNE, en nie woorde nie, rangskik.
Volsinne moet gebruik word.
Een feit per reël.
Die aantal woorde moet getel en onderaan aangedui word.
Taalfoute, bv. ontkenning, woordorde en die infinitief kom algemeen voor,

Vraag 5:

Hierdie vraag is uiters swak beantwoord.
Dit is ontstellend dat kandidate nie die basiese taalreëls ken nie. Kandidate behoort basiese meervoude, verkleining en intensiewe vorme te ken.
Bykans geen kandidaat kon bv. verwaarloosde (verlede deelwoord), Noord-Kaap(koppelings) en droër(trappe van vergelyking) doen nie.
Onleesbare of slordige handskrif benadeel die kandidate.

Vraag 6:

Hierdie vraag toon ‘n duidelike verbetering.
Let op die instruksies, bv. waar kandidate met ‘n voegwoord moet begin.
Kandidate ken nie tyd, wyse en plek – orde nie.
Vraag 7 :

Hierdie vraag toets kommunikasie.
Direkte rede moet gebruik word.
Kandidate moet op ‘n spesifieke situasie reageer.
Instruksies, bv. een sin, moet uitgevoer word.
Antwoorde moet eerder in eenvoudige, bondige taal aangebied word.